

Dinsdag 28 Junie

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:17-21

Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:19

Leef voluit as God se kind, want jy het 'n ewige vryspraak

Petrus skryf aan gelowiges in Klein-Asië wat in die samelewing verontreg is. Hulle is geestelik geboelie en daar is teen hulle gediskrimineer. Dis gedurende sulke tye wat 'n mens moedeloos word, boedel wil oorgee, of die reg in eie hande wil neem.

In ons eie land beleef baie Christene in die skool of by die werk skerp teenkanting van ongelowiges. Hoe behoort ons as gelowiges te lewe?

Petrus wys ons in vers 19 daarop dat ons heel eerste voluit as verlore kinders van God moet lewe, want daar is duur vir ons verlossing betaal. Christus het jou as eiendom duur gekoop met sy bloed. Die "losprys" wat Hy betaal het, herinner aan die prys wat 'n baas betaal het om sy slaaf vry te maak. So het Christus ons op die slawemark van die sonde duur gekoop om vry en voluit as sy kinders te leef, al word jy in samelewing uitgestoot.

Dis die eerste motivering of beweegrede waarom jy onder verontregting, bespottings en verguisings moet aanhou om as sy kind te lewe. Moenie moed opgee nie, daar is duur vir jou lewe betaal, sodat jy vir altyd vryspraak voor God mag hê.

Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2

Ds. TJ (Theuns) Potgieter (Port Elizabeth)